



UNIVERSITEIT • YUNIVESITHI • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

100
1918 - 2018

“Simposium oor die herstrukturering van wetenskap en navorsing aan die Universiteit Stellenbosch op grond van geregtigheid, insluiting en etiese integriteit”

Ouditorium, US Biblioteek, Rooiplein, Dinsdag 21 Mei 2019, 09:00 tot 13:10

Stemos-boodskap deur prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier van die US

[English translation available at <http://www.sun.ac.za/rector>]

Goeiemôre, kollegas. Jammer dat ek nie persoonlik by julle kan wees nie, maar ek is in die buiteland vir Universiteitsake. Nietemin verwelkom ek die geleentheid om ’n bydrae tot hierdie baie belangrike simposium te lewer.

Ek bedank graag professore Aslam Fataar, Amanda Gouws en Usuf Chikte vir hulle inisiatief om, as Senaatslede wat ook in die Raad dien, hierdie geleentheid te reël. Dit is ’n geleentheid om te herbesin oor wie ons by hierdie instelling is, en wie ons wil wees.

Hierdie simposium is voorafgegaan deur die verskyning van “Die Artikel”, soos dit in my huishouding bekend geword het (“[Age- and education-related effects on cognitive functioning in Colored South African women](#)”) in die internasionale wetenskaplike vaktydskrif [Aging, Neuropsychology, and Cognition](#)).

Toe ek aanvanklik van die artikel en die bewerings daarin hoor, wou ek dit nie glo nie. Toe ek dit later self onder oë kry, het dit my ontstel en diep teleurgestel: Hoe is dit moontlik dat hierdie werk – wat so onsensitief is en soveel onnodige pyn vir so baie mense veroorsaak het – uit ons Universiteit kon kom?

As ’n kliniese navorser, weet ek maar alte goed dat ons navorsingssubjekte ons kosbaarste én kwesbaarste hulpbron is. Daarom moet ons hulle belange vurig beskerm en nougeset by die hoofbeginsel van “moenie skade aanrig nie” hou. Die wonderlike voorreg om mensnavorsing te doen kom ook met ’n ontsaglike verantwoordelikheid. Ek moes lank en deeglik gaan nadink oor waarmee ons Universiteit besig is wat ons navorsingspraktyke betref. Ons moet hierdie geleentheid benut om opnuut oor ons benadering tot hierdie kwessies te besin.

Kom ek praat reguit: Wat hier gebeur het, was verkeerd, en ek sal nie die onverdedigbare verdedig nie. Hierdie enkele stuk navorsing weerspieël geensins die gehalte, etiek en waardes van die Universiteit Stellenbosch se uitmuntende navorsingsprogram nie. Maar dit stel ons instelling wél voor die harde werklikheid: Ons het ver gevorder op ons transformasieëis, maar ons is nog nie waar ons wil wees nie. Die spoke van die verlede agtervolg ons steeds ... ons moet hulle vir eens en vir altyd uitdryf!

So, wat staan ons te doen?

saam vorentoe • masiye phambili • forward together

Navrae / Enquiries: Tel: +27 (0)21 808 4490 | Faks / Fax: +27 (0)21 808 3714 | E-pos / Email: vc@sun.ac.za

KANTOOR VAN DIE REKTOR & VISEKANSELIER | OFFICE OF THE RECTOR & VICE-CHANCELLOR

Privaat Sak / Private Bag XI • Matieland, 7602 • Suid-Afrika / South Africa



1. Die onvoorwaardelike [verskoning](#) wat die Universiteit op 30 April uitgereik het, was 'n goeie beginpunt. Ek wil ook van hierdie geleentheid gebruik maak om daardie verskoning te herhaal ... aan die 60 vroue met wie daar vir die studie onderhoude gevoer is, aan sogenaamde bruin vroue in die algemeen, en aan die groot publiek. Ek het diepe berou oor die pyn wat hierdie artikel vir mede-Suid-Afrikaners veroorsaak het.
2. Ons sal baie hard daaraan moet werk om vertroue en kollegialiteit onder ons verskillende vennote en belanghebbendes, sowel intern as ekstern, te herstel. Dit sal 'n langtermynprojek moet wees.
3. En ons moet sorg dat so iets nooit weer by ons Universiteit gebeur nie. Ons ondersoek sal toon waar ons prosesse moontlik te kort skiet. Vir my sou 'n ideale uitkoms 'n protokol wees wat beskryf hoe ons die kwessie van "ras" op 'n eties verantwoordbare manier in navorsing behoort te hanteer. Ideaal beskou, sou dít 'n belangrike bydrae wees wat die Universiteit Stellenbosch tot die hele Suid-Afrikaanse hoëronderwyssektor kan lewer.

Volgens Christa Kuljian in haar artikel in *Mail & Guardian* (10 Mei) strek die probleem veel verder as 'n enkele studie. Dit is 'n dieper liggende probleem – die sistemiese voortsetting van rassistiese stereotipes in die akademie op grond van 'n verouderde denkwysie dat mense "wetenskaplik" in verskillende "rassekatégorieë" ingedeel kan word.

In haar artikel haal sy die Amerikaanse Vereniging van Fisiese Antropoloë aan wat vroeër vanjaar in 'n verklaring gesê het: "Rassekatégorieë bied nie 'n akkurate voorstelling van menslike biologiese verskeidenheid nie." En hulle het bygevoeg "die Westerse konsep van ras begryp moet word as 'n klassifikasiesistelsel wat ontstaan het uit, en ter ondersteuning van, Europese kolonialisme, onderdrukking en diskriminasie", en dat "geen groep mense biologies homogeen is of al ooit was nie".

Dan kom Kuljian tot die slotsom dat, juis omdat ons met hierdie onderliggende probleem sit, "[d]ie les hieruit is dat nie net Stellenbosch nie, maar elke akademikus en navorsingsinstelling in Suid-Afrika en die res van die wêreld verantwoordbare wetenskapbeoefening moet bevorder. Elke universiteit en vaktydskrif moet oor sy aannames in die biologie, geneeskunde, natuurwetenskappe, antropologie en sosiale wetenskappe besin".

Kollegas, kom ons wees nie wanhopig in die aangesig van teenspoed nie, maar benut eerder hierdie geleentheid om die Universiteit Stellenbosch te vernuwe en tot die nasionale diskoers by te dra. En om dít te doen, kom ons gebruik die vyf institusionele waardes waaroor ons ooreengekom het – uitnemendheid, deernis, verantwoordbaarheid, respek en billikheid. Laat dít ons optrede rig.

Ek sluit af met die woorde van die president van Purdue-universiteit, Mitch Daniels, toe hy oor die kwessie van akademiese vryheid op kampusse gepraat het: "Die uitbouing van kennis vereis teenstellende idees. Algehele homogeniteit het slegs saai konformiteit tot gevolg."

Kollegas, ek hoop julle beraadslaging by hierdie simposium is sinvol, lewenskragtig en insiggewend, en ek sien daarna uit om verder met julle gesprek te voer wanneer ek volgende week terug is in Suid-Afrika.

-oOo-

